Uitgawe 20 Desember 2012

Lekkerbekkie.TV

se gratis e-tydskrif vir ouers en kleuters

Inhoud

Hoe werk Lekkerbekkie.TV? 1
Desember TV-gids 2

Artikels

Anna Emm se nuwe "baba" 5
God se genade is genoeg vir jou 7
Nou is ons huis en ons harte vol 8
Die negatiewe invloed van TV-advertensies op my kind 9
Hoe kry ek my kind om meer water te drink? 13

Vir die kleingoed

Storietyd: Prinses Jana en die olifante 3
Kleur in 4
Maak dit self: Roomysstokkie-legkaart 6
Ons kykers: Lekkerbekkie van die maand 10
Ons kykers: Oulike sêgoed 10
Ons kykers: Oulike foto's 11

Ekstra

Nuut op Lekkerbekkie.TV: Professor Pom 12
Oulike webwerwe 13
Storieklub-vorm 14

Model: Marné Smit Foto: S&L Model Scouts www.slscouts.co.za

'n Splinternuwe Lekkerbekkie!

Soos meeste van julle seker weet, het ons die afgelope 7 jaar meer as 800 nuwe kinderstories op CD, DVD en in boekvorm vrygestel. Ons was ook hierdie jaar baie trots om bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst en Vicky Davis by ons lys storielesers te kon voeg! Maar nou brei ons nog verder uit.

Op 6 Desember 2012 kry ons Lekkerbekkie-tydskrif sy eie TV-kanaal vir Afrikaanse kinders! Lekkerbekkie.TV is 'n internet TV-kanaal wat 24 uur per dag GRATIS kinderstories "stream" regoor die wêreld! Dis die enigste gratis kanaal met Afrikaanse kinderstories op die internet, en daar is reeds meer as 40 nuwe episodes te sien! Ons beplan om elke maand nuwe reekse by te voeg. Lees meer oor Lekkerbekkie.TV in hierdie uitgawe van ons tydskriffie!

Maar moenie bekommerd wees nie. Al verander die voorkoms bietjie, is jou maandelikse Lekkerbekkie-tydskriffie steeds vol heerlike artikels, raad en reseppies. Hierdie maand deel ons twee van ons lesers se wonderwerk-ervarings, ons deel bietjie raad oor hoe jy jou kind kan oorreed om meer water te drink hierdie somer, verduidelik die skadelike uitwerking wat die advertensies op televisie op jou kind kan hê, en ons maak 'n oulike legkaart vir die vakansie.

Op ons spesiale Lekkerbekkies-blad deel ons Lekkerbekkie.TV-aanbiedertjie, Kara, van ons maatjies se oulike sêgoed en foto's.

Baie dankie vir julle getroue ondersteuning die afgelope twee jaar! Mag die vakansietyd vir julle 'n tyd van rus en saamwees wees. Mag julle oral veilig reis, en veilig terugkom. Mag julle lekker eet, maar nie te veel kilo's aansit nie. En mag julle genoeg stories hê vir die langpad! Lekker luister, lekker lees … en nou ook lekker *kyk*!

Groete uit die kantoor
Anna Emm

Lekkerbekkie is GRATIS! Stuur 'n epos na lekkerbekkie@annaemm.co.za en ontvang elke maand 'n nuwe uitgawe.

© Anna Emm Productions 2012

Hoe werk dit?

Wat is Lekkerbekkie.TV?

Lekkerbekkie.TV is ‘n gratis internet tv kanaal vir Afrikaanse kinders. Ons probeer om ‘n groot verskeidenheid kinderstories daagliks uit te saai na kinders regoor die wêreld. Op die oomblik is daar 40 episodes te sien op Lekkerbekkie.TV.

Die episodes is in 4 strome verdeel wat roteer sodat daar elke dag nuwe episodes van jou kind se gunsteling program te sien is.

Ons wil graag maandeliks nuwe episodes en reekse byvoeg, en beoog om teen middel 2013 sewe verskillende strome uit te saai sodat daar elke dag van die week ‘n ander stroom elke dag te sien is.

Kyk Lekkerbekkie.TV by www.lekkerbekkie.tv

Waar kom die stories vandaan?

Lekkerbekkie.TV is ‘n produk van Anna Emm Productions (sien www.AnnaEmm.co.za), ‘n produksiemaatskappy wat deur skrywer Anna Emm gestig is in 2004 met die doel om goeie kwaliteit kinderstories te vervaardig. Die afgelope 8 jaar het Anna Emm Productions meer as 800 nuwe stories op CD vervaardig en versprei, asook 4 kinderstorie-DVDs. Al die stories is geskryf deur Anna Emm, en voorgelees deur bekende akteurs soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Vicky Davis, Dorette Potgieter, Albert Maritz, Esther von Waltsleben en Antoinette Louw.

Wat maak die stories so uniek?

Al die stories op Lekkerbekkie.TV is spesiaal geskryf en vervaardig vir kinders wat in die hedendaagse wêreld grootword tussen selfone, rekenaars, werkende mammas en pappas, en al die wrede realiteite wat ons elke dag in die media sien.

Die taal is kindervriendelik en modern, die temas vol verbeelding en humor, en daar is geen plek vir toweraars en drake en hekse in ons stories nie!

Anna Emm het ‘n unieke slag met kinders, en haar stories is werklik “verslawend”. Sy het die vermoë om hulle aandag tot by die laaste woord vas te vang, en deur haar karakters en gebeure vir kinders hulle onskuld terug te gee.

Dis “skoon” stories wat die verbeelding aanwakker, woordeskat uitbrei, inspireer, en kindermagies vol skoenlappers maak!

Hoe kyk ek Lekkerbekkie.TV?

Lekkerbekkie.TV is ‘n internetstroom, wat beteken jy kan dit op enigiets kyk wat ‘n internet-konneksie het. Alhoewel die kwaliteit goed is, probeer ons om die “grootte” van die episodes so laag moontlik te hou dat dit vinnig en maklik laai op rekenaars, selfone, en “tablets”. Lekkerbekkie.TV gratis en beskikbaar 24 uur per dag.

Kontak Lekkerbekkie.TV by epos@lekkerbekkie.tv

Lekkerbekkie.TV is ‘n produk van Anna Emm Productions.
www.annaemm.co.za

Koop die DVDs @ R120 elk



021 911 5618 | lekkerbekkie@annaemm.co.za
www.AnnaEmm.co.za

Sluit aan by ons STORIEKLUB
en ontvang
‘n nuwe DVD elke maand!

© Anna Emm Productions 2012

TV-gids Desember

Strome

Stroom 1	Stroom 2	Stroom 3	Stroom 4
Lekkerbekkie Muis Lekkerbekkie se nuwe huis	**Lekkerbekkie Muis** Lekkerbekkie verjaar	**Lekkerbekkie Muis** Lekkerbekkie en die wind	**Lekkerbekkie Muis** Lekkerbekkie se maatjies
Professor Pom Bek die grootprater	**Professor Pom** Links en Regs verdwaal	**Professor Pom** Die vergeet-druppels	**Professor Pom** Dingetjie raak weg
Storietyd Jakkals en die kraai	**Storietyd** Die koning se nuwe klere	**Storietyd** Stadsmuis en die veldmuis	**Storietyd** Leeu en die muis
Sussie en Jakob Baie en min	**Sussie en Jakob** Groot en klein	**Sussie en Jakob** Leeg en vol	**Sussie en Jakob** Lank en kort
Oeps-e-Daisies Episode 5	**Oeps-e-Daisies** Episode 7	**Oeps-e-Daisies** Episode 1	**Oeps-e-Daisies** Episode 3
Lekkerbekkie Muis Lekkerbekkie en die diere	**Lekkerbekkie Muis** Lekkerbekkie se skoene	**Lekkerbekkie Muis** Lekkerbekkie gaan kuier	**Lekkerbekkie Muis** Lekkerbekkie kry verkoue
Professor Pom Kleinjan maak 'n plan	**Professor Pom** Petunia kry verkoue	**Professor Pom** Bek en die kompetisie	**Professor Pom** Wat is fout met Prof Pom?
Storietyd Salome Spinnekop	**Storietyd** Moenie die koffie mors nie	**Storietyd** Trompie die olifantjie	**Storietyd** Zander se boomhuis
Sussie en Jakob Oud en jonk	**Sussie en Jakob** Ver en naby	**Sussie en Jakob** Nuut en oud	**Sussie en Jakob** Hard en sag
Oeps-e-Daisies Episode 6	**Oeps-e-Daisies** Episode 8	**Oeps-e-Daisies** Episode 2	**Oeps-e-Daisies** Episode 4

Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag	Sondag
					1 Stroom 1	2 Stroom 2
3 Stroom 3	4 Stroom 4	5 Stroom 1	6 Stroom 2	7 Stroom 3	8 Stroom 4	9 Stroom 1
10 Stroom 2	11 Stroom 3	12 Stroom 4	13 Stroom 1	14 Stroom 2	15 Stroom 3	16 Stroom 4
17 Stroom 1	18 Stroom 2	19 Stroom 3	20 Stroom 4	21 Stroom 1	22 Stroom 2	23 Stroom 3
24 Stroom 4	25 Stroom 1	26 Stroom 2	27 Stroom 3	28 Stroom 4	29 Stroom 1	30 Stroom 2
31 Stroom 3						

© Anna Emm Productions 2012

Storietyd

Prinses Jana en die olifante deur Anna Emm

Prinses Jana kuier saam met die koning en koningin op Oom Willem se plaas. Dis ‘n baie mooi plaas en daar is baie wilde diere op die plaas. Daar is bokke en kameelperde en leeus en wilde voëls. Die koningin is bietjie skrikkerig vir die leeus. Sy hoop nie hulle kom naby aan die huis nie! Oom Willem sê daar is ook jakkalse en olifante.

“Olifante!” roep Prinses Jana met groot oë. Sy het nog nooit olifante gesien nie. “Is hulle regtig so groot soos op televisie? Is hulle?”

“Baie groter!” lag Oom Willem. “Ons kan môre ‘n entjie gaan ry met die bakkie deur die veld. Dalk kan ons vir jou ‘n regte olifant wys.”

Nou is Prinses Jana so opgewonde dat sy amper nie kan slaap nie. Die volgende oggend klim Prinses Jana en Oom Willem in die bakkie. Hulle ry deur die lang gras en oor die sandhopies. Prinses Jana wip op en af, op en af in die bakkie. Sy lag tog te lekker! Sy sien bokkies en kameelperde. Maar sy sien nog niks olifante nie.

“Olifante eet die blare van die hoogste bome,” sê Oom Willem. “Hulle pluk die blare met hulle slurpe af en eet dit dan.”

Prinses Jana giggel. Sy kyk by die venster uit en sien hoë bome in die lang gras. Sy sien skaduwees onder die bome en rooi bessies aan die takke. Sy wens sy was ‘n olifant. Sy wens sy het ook so ‘n lang slurpie gehad waarmee sy blaartjies van die bome kon afpluk. Die bakkie skud en dreun onder haar en Prinses Jana raak sommer lekker vaak. Sy wonder waar is die olifante dan?

Maar skielik gebeur ‘n vreemde ding! Prinses Jana se neus begin al hoe langer en langer groei! Dit word ‘n slurpie wat om en om krul in die lug net soos ‘n regte olifant s’n! Prinses Jana se ore word ook sulke groot flapore en haar voete word sulke groot, dik boomstamvoete. Prinses Jana kyk na die toebroodjies wat die koningin vir hulle ingepak het. Sy is nou lekker honger! Sy maak die pakkie met haar slurpie oop. Sy tel die broodjie met haar slurpie op. Net toe Prinses Jana ‘n lekker groot olifant-hap van die broodjie wil vat...

... word sy wakker!

Vragies oor die storie:

1. Wie woon op die plaas?
2. Watter diere is daar op die plaas?
3. Hoe lyk ‘n olifant se ore?
4. Wat eet olifante?
5. Het Prinses Jana al ‘n regte olifant gesien?

Kyk *Storietyd* elke dag op www.lekkerbekkie.tv

© Anna Emm Productions 2012

Kleur In

Kleur in

© Anna Emm Productions 2012

Anna Emm se nuwe “baba”

Anna Emm is reeds bekend as die skrywer agter al die kinderstories en die stigter van Anna Emm Productions. Maar hierdie besige mamma het die afgelope paar maande baie hard gewerk aan haar nuutste “baba” – ‘n splinternuwe internet TV-kanaal vir Afrikaanse kinders – Lekkerbekkie.TV! Ons het by haar gaan inloer om meer uit te vind oor die vrou agter al hierdie kreatiwiteit!**

Vertel ons eers bietjie meer oor Lekkerbekkie.TV?
Ja, dit was ‘n paar maande van harde werk, min slaap en groot stres! Ná Mila se geboorte het ek gesê ek sien nie kans vir nog ‘n baba nie, en hier doen ek dit nou eintlik maar weer aan myself! Hiehie! Maar nee, Lekkerbekkie.TV is ‘n baie groot stap vir ons die toekoms in. Dit bring ons nader aan die dinge wat ek destyds in gedagte gehad het toe ek AEP begin het, en dit sluit weer so baie nuwe moontlikhede vir die toekoms oop. Dit gee ook vir ons die geleentheid om ons Afrikaanse kliënte buite die grense van Suid-Afrika te bereik – wat tot nou toe nog maar altyd moeilik was met die onbetroubare posdiens. Ek hoop werklik Lekkerbekkie.TV kan net groei en groei!

Ek weet nie hoe jy alles gedoen kry nie! Hoe “juggle” jy ma-wees én hierdie groot projekte?
Ek sal die eerste mens wees om vir jou te sê ek kry dit meeste van die tyd nie reg nie! En my man sal die tweede mens wees om dit vir jou te sê! Hy het baie “grace” met my rondhardloop en stres en moegheid. Ek dink die “hoe” waarna jy soek is (1) ‘n fantastiese man wat my droom ondersteun en baie geduldig met my groeiproses is, (2) ‘n ongelooflike ondersteuningsnetwerk van staff, nannies, oumas en vriendinne, en (3) twee maklike, gesonde kinders wat op ‘n wonderbaarlike manier inpas by ons ongewone huishouding! Mens vergeet altyd jou kinders ken nie ‘n ander mamma nie, so as hulle veilig en versorg voel by jou, gaan hulle nie wonder hoekom jy anders is as ander mammas nie. Hulle behoeftes is eenvoudig, en ek probeer baie hard om daardie behoeftes my eerste prioriteit te maak. As hulle ongelukkig is of onseker voel, dan stop alles anders eers tot hulle weer rustig is. Dis soms frustrerend, want dit kom meestal op die onmoontlikste tye na vore, maar dis ‘n “commitment” wat jy met jou kop moet maak en dan moet jy daarby hou. Ek sal nie tevrede wees as ek aan die einde van my lewe ‘n groot sukses van my loopbaan gemaak het, maar my kinders is nie gelukkige, afgeronde grootmense nie.

Watter raad het jy vir mammas wat ‘n passie vir hulle loopbaan het, en sukkel met skuldgevoelens rondom die huishouding en die kinders?
Ek dink dis belangrik om te besef jy kan nie alles doen nie. Kies die dinge wat vir jou die belangrikste is, en doen dit self. “Outsource” dan die ander dinge. Jy kan óf alles met 25% kwaliteit doen, of die belangrikste dinge met 100% kwaliteit. En bid, bid, bid BAIE vir hulp, vir genade oor jou tekortkominge, en vir arendsvlerke oor daardie ekstra myle. As jy glo in dit wat jy doen, sal jy ‘n manier kry om dit te doen. As jy nie regtig daarin glo nie, is dit nie jou tyd en energie werd nie.

Waar kom jou passie vir kinders vandaan?
Sjoe, ek dink ek onthou hoe dit was om ‘n kind te wees in ‘n grootmenswêreld. Ek onthou hoe alleen dit was, hoe vreemd dit was, en hoeveel van die dinge ek nie verstaan het nie. Kinders is so ongelooflik weerloos en so uitgelewer aan grootmense se “ups and downs”. Hulle is so afhanklik van ons liefde en aanvaarding, so honger vir net ‘n vriendelike kyk, sagte woorde, of aanraking. Ek voel soms lus om grootmense se ore te draai tot hulle ordentlik met hulle kinders praat! Ek het ‘n groot behoefte om kinders se hartjies heel te maak en hulle geloof in die wêreld te herstel. Ons verloor ons drome as ons grootword, en dis waarteen ek wil baklei. Hou aan glo alles is moontlik en moenie dat die grootmense jou afbreek met hulle harde woorde en siniese lewensuitkyk nie!

Wat is jou drome vir jou eie kinders?
My twee kinders is so verskillend! Elanie is nou twaalf, en op die rantjie van die grootmenswêreld, en vir haar wens ek oop deure. Dat sy haar selfvertroue sal behou en met haar dierbare geaardheid sal gaan af”rub” op ander mense. Mila is nou amper twee, en sy is die vrolikste mensie wat ek nog ontmoet het! Ek wens vir haar ‘n dik vel, ‘n lewe vol lekkertes, en ‘n passie van haar eie. Tussen ons klomp eksentrieke sterk persoonlikhede hoop ek sy kry die ding wat haar Mila maak!

Wat hou 2013 vir Anna Emm in?
Skryf, skryf, skryf… Baie nuwe produksies! Baie nuwe DVD’s! Baie nuwe stories! En hopelik ‘n bietjie rus op ‘n Griekse eiland saam met daardie geduldige man van my…

Anna Emm het die afgelope paar jaar meer as 800 oorspronklike kinderstories op CD vrygestel, en reeds 32 stories op DVD. Al die stories wat tans op Lekkerbekkie.TV te sien is, is deur haar geskryf.

© Anna Emm Productions 2012

Sussie en Jakob

Roomysstokkie-legkaart

Hiervan kan jy sommer 'n klomp maak en saam met jou maatjies heeldag lank legkaart bou.

Wat jy nodig het:

1. Hout roomysstokkies
2. Gom
3. Kleeflint
4. Prente – Jy kan 'n paar prente uit tydskrifte knip of jy kan prente teken en inkleur op skoon wit papier en dan uitknip.
5. Mes of skêr

Wat jy moet doen:

1. Pak die roomysstokkies sodat hulle plat lê op 'n gelyk oppervlak. Maak seker jy pak hulle lekker styf teen mekaar.

2. Kies 'n prentjie wat groot genoeg is om die stokkies te bedek. Knip jou prentjie netjies uit.

3. Smeer gom op die agterkant van jou uitgeknipte prentjie.

Maak seker jy sit genoeg gom op dat die prentjie nie sal lostrek wanneer jy dit knip nie.

4. Plak die prentjie op die roomysstokkies. Wees versigtig om nie die roomysstokkies rond te skuif nie.

Jy kan ook kleeflint aan die agterkant van die roomysstokkies plak om dit in plek te hou.

5. Laat die gom droog word. Wanneer die gom heeltemal droog is, draai die legkaart onderstebo sodat die roomysstokkies boontoe wys.

6. Haal die kleeflint versigtig af.

7. Knip die prentjie sodat die stokkies weer los van mekaar is - elk met 'n stukkie van die prentjie op.

Jy kan ook 'n lemmetjie gebruik om die stokkies los van mekaar te sny. Wees net versigtig vir jou vingers.

Jy kan ook jou kind se eie tekeninge gebruik om so 'n legkaart te maak en dit met kleefplastiek oortrek of vernis om langer mooi te bly. Hierdie is 'n heerlike besigbly-projek vir die vakansie.

Oulike idees

- Pak die stokkies soos 'n legkaart om die prentjie te voltooi.
- Pak die stokkies in die verkeerde volgorde sodat die prentjie 'deurmekaar' is en laat jou kind dit reg sorteer.
- Verdeel die stokkies tussen jou en jou kind en laat elkeen 'n beurt kry tot die prentjie voltooi is.



Kyk *Sussie en Jakob* elke dag op www.lekkerbekkie.tv

© Anna Emm Productions 2012

God se genade is genoeg vir jou

Op pad plaas toe nadat sy haar kinders, Lane-lee (8) en Jacques (6), by die koshuis gaan haal het, was Wilani Muller in ‘n motorongeluk wat haar lewe sou skud. Sy vertel:

Ek is al gewoond aan ons onbegaanbare plaaspaaie, maar hierdie Vrydag het ek my lelik misgis. Ek het beheer oor die bakkie verloor. Ek was blykbaar nog by my bewussyn toe ons tot stilstand gekom het, want ek het met die kinders gepraat. Hulle was net lig beseer. Daar was geen selfoonontvangs nie, en Lane-lee het besluit om te bid: “Liewe Jesus, asseblief laat hier ‘n oom en tannie verbykom. Net nie ander mense nie!” Sy het na die grondpad gestap, en daar was binne 5 min ‘n kar. Dit wás ‘n oom en tannie, en sy het haar pappa, Anton, se selfoonnommer gegee. Hulle moes ‘n hele ent aanry om ontvangs te kry en my man te laat kom.

Ek was vasgekeer in die bakkie en hulle moes my kant oopbreek. Na ‘n baie lang gesukkel, trane en moedeloosheid het die ambulans uiteindelik opgedaag. Maar díe was heeltemal onïngerig en hulle moes die ambulansdienste in Vryburg kontak my te kom haal. Van Vryburg af is ek onmiddellik na Bloemfontein oorgeplaas.

Die sigbare beserings van die ongeluk was baie gering, maar my toestand het deur die dag versleg. Bloedtoetse het bevestig dat daar groot fout is. Ek het inwendig gebloei. Die dokter het vir Anton laat weet dat hy die kinders moet bring, want hy was nie seker of ek dit sou maak nie.

Op hierdie stadium het soveel mense – vriende, familie, en onbekendes – vir my gebid! My toestand het steeds versleg en die dokters het besluit om te opereer om te bepaal waar die bloeding vandaan kom. Dit was nie goeie nuus nie. Daar was skade aan my longe, een nier het heeltemal ophou werk, my lewer het op veelvuldige plekke geskeur en my dunderm was teen my ruggraat ‘afgeknip’! Hul het onmiddellik die dunderm gelas, maar kon nie veel meer doen nie. Hulle het die wond oopgelos, want hul wou seker maak dat ek ophou bloei. Ek was onder baie sterk sedasie vir twee weke lank. Daar was ook verdere komplikasies toe my wond begin septies raak.

Ek het onder sedasie ‘n droom gehad: Hollywood-films het in my droom afgespeel - elkeen met meer ‘glitz and glamour’ as die vorige een. Ek het geïrriteerd geraak daarmee. Ek wou nie al hierdie dinge om my hê nie. Toe het daar skielik ‘n groot, majestieuse berg voor my verskyn en ek hoor God se stem: “Wilani, wat wil jy hê?” Ek het geantwoord: “Ek wil net liefgehê word.”

Die sedasie is verminder en ek word spontaan wakker binne 20 dae na die ongeluk – teen die dokters se voorspellings in. Ek het met streng fisioterapie begin, en hier wag ‘n ontnugtering vir my – ek kon nie loop nie! My brein sê ek kan, maar ek kon dit eenvoudig nie doen nie! Ek het agtergekom daar is ander eenvoudige dinge wat ek ook nie meer kon doen nie – soos om deur ‘n boek te blaai. Hoe ondankbaar is ons vir al die klein, alledaagse goedjies in ons lewe!

Ek was steeds op die asemhalingsmasjien, want my longe kon nie op hul eie funksioneer nie en daar was infeksie. Na een van vele inhalering-behandelings styg my hardklop skielik na 228 en daar val my longe plat! Hulle moes weer pype in my longe sit en ek was emosioneel teen die grond. Gaan dit nooit ophou nie?

In hierdie tyd het ek elke aand van iets geels gedroom – ‘n geel hempie, ‘n geel kerkrokkie, en selfs die geel Shell-teken! Selfs die pleister op my maagwond lyk vir my soos ‘n geborduurde sonneblom! (Ek het na die tyd gehoor dat dit ‘n bevestiging van God was (sy Shekinah Glory), dat Hy Sy vesting in my gemaak het! WOW!)

Op ‘n dag word ek oorgeplaas na die intensiewe sorgeenheid, en die susters verduidelik dat my wond weer septies geraak het. Ek was só verskriklik bang. Ek wou nie weer teruggaan teater toe nie! Ek was op breekpunt, en een oggend vroeg skryn die opkomende son so helder teen my kamer se glasruit dat dit my eintlik verblind. Ek hoor God se stem duidelik: “Is My genade nie vir jou GENOEG nie?” Ek het net daar besef dat ek leef a.g.v. God se genade, en dat ek niks meer wou hê nie. Komaan Wilani, LEWE!

Dit was ‘n keerpunt. Ek is die volgende terug na die algemene saal waar ek ongelooflik vinnig aangesterk het. Na 33 dae in die intensiewe sorgeenheid en 7 dae in ‘n algemene saal, is ek uiteindelik ontslaan en was ek sterk op pad huistoe.

Daar het tydens hierdie verskriklike tyd soveel wonderwerke gebeur. Ek en Anton het mekaar in 1992 ontmoet op skool, en is in 1999 getroud. Anton is ‘n regte stoere boer! In ons 20 jaar saam was hy nooit ‘n emosionele ou nie. Hy is altyd in beheer en kan alles uitsorter. Hy is geleer om te glo dat ‘n man nie huil nie.

Maar die Heilige Gees het ander planne met ons mensies wat so vasklou aan tradisie! God het my nou die man gegee waarvoor ek al 20 jaar lank bid, ‘n man wat net vir my lief is - onvoorwaardelik en sonder pretensie. En hy huil nou dikwels van dankbaarheid omdat hy weet God hom moes ‘ruk’ om hom ‘n regte man te maak. . Ons huwelik was nog nooit so sterk en solied soos nou nie.

Dit gaan baie goed met my gesondheid en ek doen al alles weer self. My nier het weer begin werk, die lewer het homself genees en die dunderm funksioneer normaal, nes voorheen. Ek kan weer normaal loop en ek kan deur ‘n boek blaai! Maar nou doen ek dit met ‘n ontsettende dankbare hart, want nie almal is so bevoorreg om ‘n tweede kans op die lewe te kry nie. God se genade is beslis genoeg vir my!

© Anna Emm Productions 2012

Nou is ons huis en ons harte vol

Jacques en Luzanne Nel is twaalf jaar getroud en het tien haar lank gebid vir 'n baba. Hierdie jaar het God hulle wens waargemaak op 'n manier wat hulle nooit sou kon dink of droom nie. Luzanne vertel:

Kinderloosheid is 'n lang, seer pad. BAIE, *baie* infertiliteitsbehandelinge het ons duisende rande armer gelaat. Ek was een keer "amper" swanger vir 'n naweek lank... net om die volgende Maandag te hoor die dokters se kantore het 'n fout gemaak en die toetsuitslag was eintlik negatief.

In 2010 het ek vir die Here gesê: "Hierdie jaar is ons tien jaar getroud. Indien ek nie swanger is aan die einde van die jaar nie, is dit goed so, en dan maak ek vrede dat ons sonder kinders sal wees."

Aanneming was nog altyd na aan my hart, en ek het begin voel dat die Here my vra om my hart oop te maak vir 'n aanneem-baba, maar ek het geweet Jacques sou bietjie oortuiging nodig hê. Ek het gebid en gevra: "Here, as dit regtig U wil is, werk dit in Jacques se hart. Sê dit vir hom, want dan weet ek dit is van U." 'n Maand later het Jacques een aand met blomme by die huis gekom en gesê hy ervaar dat ons ons huis en harte moet oopmaak vir 'n aanneem-baba.

Ons het begin navorsing doen oor aannemings en in kontak gekom met Wilna Malherbe se agentskap in Strand, maar hulle skedule was reeds heeltemal volgeboek vir die jaar om nuwe ouers te "screen". Hulle het beloof om ons te kontak indien daar 'n kansellasie sou wees. Dit was 'n baie moeilike tyd, want ons was so opgewonde oor die idee en kon nie verstaan waarom die Here van ons vra om te wag nie. Maar daar wás 'n kansellasie en ons kon 'n afspraak kry met Wilna.

Wat 'n absolute belewenis was daardie afspraak! Die Here het ons harte heeltemal kom omkeer en vir ons 'n deernis gegee vir biologiese mammas wat onbepland swanger raak en nie in 'n posisie is om hul babatjies te kan hou nie. Ons het besluit om die "Gift of Life" projek te begin om berading aan hierdie jong meisies te gee en 'n pad met hulle te stap. In hierdie tyd het die Here 'n hele paar vrouens oor my pad gestuur wat berading nodig gehad het.

Daar was ook drie moontlike aannemings wat aan ons deur kom klop het in 2011, maar nie een het gerealiseer nie. Ons harte was al redelik broos teen Oktober. En daar gebeur dit toe, dat 'n vriendin onbepland swanger raak en nie in 'n situasie is om die baba te hou nie. Ons het ure om gebid en saam met Wilna die pad begin stap om haar te beraad en te help om haar seuntjie te laat aanneem. Wat 'n reis was dit nie. Sy het by ons gebly en vir nege maande lank het ons elke dag vir haar en daardie ongebore babatjie gebid. Deel van die proses was om die voornemende aanneem ouers te ontmoet en ek dink dit was seker die grootste toets van "die eie ek" waarteen ek nog ooit te staan gekom het! Ek het vir die Here gevra: "Hoe is dit moontlik dat daar so 'n groot geskenk uit ons huis moet gaan aan ander ouers en dat ons eie arms en harte leeg bly?"

Die Here het verder met my en Jacques kom praat in daardie tyd en gesê: "Julle het voorskrifte gemaak aan die agentskap oor die agtergrond, kultuur en ouderdom van die baba wat julle wil aanneem. Julle het gesê julle wil een van My kinders aanneem en lief hê soos julle eie, maar as net kinders wat aan julle kriteria voldoen dan My kinders is, wie se kinders is die ander dan?"

Ons was so aangedaan. Ons het God omverskoning gevra en vir Wilna gevra sy moet alle voorskrifte wat ons gegee het ignoreer. Ons harte oop is om enige baba wat die Here stuur, onvoorwaardelik lief te hê.

Daarna het die Here elke keer wanneer ek bid, vir my 'n prentjie gewys van 'n dogtertjie met donker krulhaartjies en donker ogies. Ek kon nie verstaan wie die dogtertjie is nie, maar het aanhou bid vir haar. Ek het ook begin wonder of my hormone, my begeerte om 'n mamma te wees en my betrokkenheid by swanger mammas besig was om die oorhand te kry van my helder denke.

'n Week na die geboorte en aanneming van my vriendin se baba het ons 'n telefoonoproep ontvang van Wilna en sy het gesê: "Lu, ek weet julle het gesê julle wil 'n *baba* aanneem, maar hier is 'n dogtertjie van 2 jaar en 11 maande. Haar mamma is terminaal siek met kanker en die familie kan haar nie finansieel versorg nie. Die mamma wil haar baie graag laat aanneem deur goeie ouers... ek sit haar in julle mandjie. Bid asseblief daaroor."

Dit was die vierde moontlike aanneming en die skanse was al heelwat hoog opgetrek om my en Jacques se harte. Ons het laat nagte gesels, gekoukus, vir die eerste keer in tien jaar oor moontlike ouerskap geargumenteer, want ons was SO bang om weer seer te kry. Ons het gebid, en hoe meer ons bid, hoe meer het die Here vir ons die prentjie van die krulkop-dogtertjie gewys. Ons het Wilna gebel om te sê ons is reg.

Die eerste stap sou wees om 'n ontmoeting te reël met die biologiese mamma en die dogtertjie om te sien of daar 'n konneksie is tussen ons, en indien ons vrede in ons harte sou hê, sou die dogtertjie stelselmatig by ons kom kuier. Dit was die "menslike" plan.

Maar daardie naweek raak die biologiese mamma so ernstig siek dat sy gehospitaliseer moes word en die dogtertjie word geskuif tussen verskillende huise sonder Wilna se medewete. *(Blaai om)*

© Anna Emm Productions 2012

Die Sondagnag gee die Here vir my 'n droom oor pienk beddegoed met ballerina-poppies op. Die Maandagoggend sê die Here vir my: "Gaan Tygervallei Sentrum toe en kyk in die klerewinkels hoe groot 'n twee- tot driejarige lyfie is."

Ek het in die winkels rondgedwaal en 'n teddie gekoop met 'n pienk hart wat ek vir die dogtertjie wou gee tydens ons eerste ontmoeting. By die volgende winkel, reg by die ingang, was die presiese pienk beddegoed waarvan ek die vorige nag gedroom het! Dit was 'n einde-van-seisoen-reeks en daar was 60% afslag op die verkoopprys. Ek het 'n stel gekoop!

Ek het fototjies geneem van die aankope en vir Wilna gestuur, waarna haar oproep deurgekom het: "Lu, julle moet bid, hierdie dogtertjie is weg. Ons is besig om die familie te kontak om haar op te spoor."

Ons hoop was weer eens naby aan skerwe en ek en Jacques het daardie aand so gehuil oor haar. Die Here het ons liefgemaak vir 'n dogtertjie wat ons nog nooit ontmoet het nie, en gesê: "Dit is My kind wat Ek aan julle wil gee - nie nog ontmoetings en uitwerk of julle vrede in julle harte het of nie".

Ek het die Dinsdag omgehuil, huil-huil gaan slaap en huil-huil opgestaan Woensdagoggend. En toe lui my foon... Dit was Wilna: "Lu, ons het haar gekry! Ons het 'n lang gesprek gehad met die familie en albei ouers.

"Hulle is ernstig dat sy na julle moet kom, want daar is niemand wat na haar kan omsien nie. Julle kan haar kry, maar julle moet haar NOU neem - ek gee julle so om en by 'n uur kans om gereed te maak." Daarna het Wilna nog gepraat om die regsaspekte te verduidelik, maar my brein het opgehou luister.

Ek het in 'n dwaas winkels toe gejaag. Een stelletjie 2-3 jaar klere gekoop en een stelletjie 3-4. Slaapklere, frokkies, broekies, 'n paar warm kombersies en sagte speelgoed en 'n stelletjie Mickey Mouse eetgery. Ek het by Woolies ingehardloop om kossies te koop en besef ek het geen idee wat mens 'n amper-driejarige voer nie!

'n Uur later het ons by Bellville Hof ontmoet en daar staan Wilna en 'n ander maatskaplike werker saam met 'n man, huilend, met 'n donker, krulkop dogtertjie met donker ogies in sy arms... Dit was die dogtertjie wat die Here vir ons gewys het.

Hy (haar biologiese pappa) het haar persoonlik vir ons gebring. Ons was almal in trane. Wat sê mens vir iemand wat sy kind aan jou toevertrou? Wilna het die oorhandiging gefasiliteer, die pappa se regte verduidelik, die prosedure en regstappe verduidelik. Die pappa het die dogtertjie vir my gegee. Hulle het gery, en daar staan ek en Jacques by Wilna met Kira in ons arms.

'n Week later het ons haar biologiese mamma in die hospitaal besoek en ooreengekom op gereelde besoeke soos haar se gesondheid dit sou toelaat.

Kira het ons lewens onherroeplik kom verander - ons wildste drome en verwagtinge in elke opsig kom vervul. Sy is 'n bondeltjie liefde met so 'n sagte gees - so BAIE om onvoorwaardelik te gee. Al wat sy nodig het, is ons liefde en die ruimte om net 'n dogtertjie te wees wat kan speel en lag. Sy is super snaaks en 'n regte "soutie" wat Afrikaans begin leer met die hulp van Lekkerbekkie Muis, Lollos en Tjif en Tjaf! Ons dans elke môre op Shongololo en ons huis is vrolik en glad nie meer aan die kant nie, want orals lê prinsesspeelgoed.

Kira se biologiese mamma is op 21 September oorlede en haar nagedagtenis sal vir altyd en altyd in ons huis gekoester word. Soos Kira vir my sê: "Mommy, me in Mandy's tummy. Me not in your tummy. Me in your heart."

Die negatiewe invloed van TV-advertensies op my kind

Volgens studies in Amerika sien kinders ongeveer 40 000 advertensies elke jaar - van gemorskos en speelgoed advertensies terwyl hulle Saterdagoggende animasiestories kyk, tot die kleurvolle en prettige aanbiedinge op die ontbytpap-bokse wat boodskappe na kinders van alle ouderdomme uitstuur. En vir kinderogies lyk alles ideaal – soos iets wat hulle eenvoudig net MOET hê. Dit lyk alles so aantreklik, en gewoonlik baie beter as wat dit werklik is.

Kinders van 8 jaar en jonger verstaan nog nie dat die doel van advertensies is om 'n produk te verkoop nie. Kinders onder 6 jaar se breintjies kan nog nie onderskeid maak tussen die storie waarna hulle kyk en die advertensies tussenin nie, veral ook dan wanneer hulle gunsteling karakter die produk bemark! As selfs ouer kinders en grootmense slagoffers word van die manipulerende krag van advertensies, hoeveel meer skadelik kan die uitwerking hiervan op jong kinders se denkpatrone en emosies wees – hulle wat níe die ervaring en vermoë het om te filter tussen advertensies en stories nie? Natuurlik is dit onmoontlik om alle blootstelling aan vorme van bemarking te verwyder, maar jy kan begin deur die televisie af te sit, of ten minste die tyd wat voor die televisie spandeer word, te beperk. Gee voorkeur aan TV-kanale wat nie advertensies het nie, soos CBeebies (en ook ons nuwe Lekkerbekkie.TV kanaal), of neem die programme op en laat jou kinders daarna kyk sonder die advertensies. Skaf die DVD's van jou kind se gunsteling programme aan en laat hy eerder daarna kyk.

Jy kan ook jou kinders leer om "slim verbruikers" te wees met betrekking tot die produkte wat hulle op TV sien. Wanneer die advertensies opkom, kan jy vrae vra soos: "Waarom hou jy daarvan?" of "Dink jy dit is regtig so oulik en goed soos wat dit in die advertensie lyk?" of "Dink jy dit is 'n gesonde keuse?" en "Wat het jy alreeds wat dieselfde is as dit wat daar wys?". Verduidelik aan jou kinders dat advertensies so beplan en ontwerp word om mense te probeer oorreed om iets te wil hê wat hulle nie noodwendig nodig het nie. Leer vir hulle dat advertensies vir mense probeer wys dat hierdie produkte hulle gelukkiger sal maak. Deur hierdie elemente in die advertensies vir jou kinders uit te wys en daaroor te praat, kan jy hulle help om bemarking te verstaan en in perspektief te stel. Die "bottom line" is maar net weer: moenie jou kinders toelaat om ure alleen voor die televisie deur te bring nie, maar sit langs hom en bespreek dit wat hy sien met hom.

© Anna Emm Productions 2012

Lekkerbekkies

Lekkerbekkie van die Maand

Hallo daar, Lekkerbekkies!

My naam is Kara, en op hierdie bladsy gesels ek graag met julle almal. Vra vir jou mamma om al jou oulike sêgoed en foto's vir my te stuur na lekkerbekkie@annaemm.co.za – en dalk kan jy 'n lekker geskenkbewys wen! Onthou om jouself mooi op te pas, jou tandjies te borsel en genoeg water te drink die vakansie. En vra vir jou mamma en pappa om vir jou baie stories te lees. Stories maak mens slim! Tata!

Marnè Smit (3)

Marnè is 'n baie vriendelike en liefdevolle 3-jarige dogtertjie. Sy is mal oor verf, teken, en dans. Sy is gek daaroor om mooi aan te trek, asook om mooi krale, armbande en skoene te dra - 'n regte klein dametjie. Haar gunsteling TV-program is Lollos, en sy gaan nêrens sonder Lettie nie. Marnè is in Abra Kedabra kleuterskool.

Marnè het 'n tweeling-boetie, Nicol, hulle twee is onafskeidbaar en beste maatjies. Marnè is 'n regte klein poppie.

Oulike sêgoed

Carla Oosthuizen Feely:
My oudste seuntjie was so 4 gewees toe sukkel hy met hardlywigheid. Die pediater het toe aanbeveel dat ons sy dieet moet aanpas. Ons sny toe Simba chips onder andere uit. So 'n week of twee in die nuwe dieet, toe koop ek vir hom 'n pakkie chippies. Hy kyk my toe so geskok aan en vra hoe kan ek vir hom chippies koop as hy hardaanvallig is …

Carmen Weyer:
Gisteraand is ek besig met my dogtertjie se hare. Sy is nou 5 jaar oud. Haar boetie van 2 jaar klim en klouter oor haar en sy sê vir hom: "Ag nee man boetie, ek is nou by die salon, die vrou maak my mos nou mooi vir my konsert!

Elizma Engelbrecht Olivier:
Naomi (4 jaar oud) wil altyd toektax op haar naels hê.

Betsie Nagel Groenewald:
My seuntjie wissel nou tandjies. Toe sy eerste tandjie begin loskom, wou hy weet hoekom sy tandjie los is. Ek het hom vertel dat al sy babatandjies gaan uitval en dan kry hy nuwe tandjies wat baie sterker is as die babatandjies. Hy was vir 'n paar sekondes stil en met 'n ernstige frons en huilerige stemmetjie sê hy: "Ag liewe vader, help, ek is nog te klein vir plastiek-tande!"

Janus en Ineke Delport:
My seuntjie van 3 jaar praat van Hakkie Takkie (Kentucky; KFC).

Sharon Sansom Truter:
Régan – 7 jaar: Mamma moet minder by pappa slaap en 'n slag by my slaap… heelnag!

Elmari Lombaard Jacobs:
Henco – 3 jaar: "Ek is die baas… luister of jy slaap buite."

Christine de Jager:
My seuntjie van 5 jaar sê vir my dat hy wens sy ouma was nog klein, dan het hy met haar getrou! En hy gaan bid dat Liewe Jesus vir hom 'n mooi vrou gee wat nie kwaai is nie.

Lizette Opperman Swart:
Ons twee seuntjies het op 'n stadium saam met Oupa en Ouma by die see gekuier. Toe ons een aand bel om te hoor hoe dit gaan, vra ek vir Drikus (4-jaar): "Praat Willie (2-jaar) al?" Hy sê: "Ja, Mamma, Willie praat al, maar ek verstaan nie, want hy praat net Engels!"

Melanie: Ek het kolwyntjies gebak en my 3-jarige proe aan die rou koekmengsel. Ek vra of dit lekker is en hy antwoord: "Lekker, flippen lekker!" met 'n groot smile op sy gesig.

Stuur oulike sêgoed aan lekkerbekkie @annaemm.co.za

© Anna Emm Productions 2012

Lekkerbekkies

Oulike Foto's!

Isabel du Plessis

Jackie & Stefan Kruger

Jani & Nina van Staden & Saartjie die hond

Klara & FJ Brand & Mia Pretorius

Lianie van Wyk

Roxy & Mienke Geldenhuys

Stefan Fick

Nadia Kühn

Kyk net hierdie oulike foto's van Lekkerbekkies wat televisie kyk!

Elkeen van hierdie maatjies wen 'n geskenkbewys vir 'n storie-CD!

Ansie dans Giselle

Zandré van Wyk

Hou ons Facebook-blad dop vir die tema van Januarie se foto-kompetisie!

© Anna Emm Productions 2012

Wat's nuut?

Nuut op Lekkerbekkie.TV:
Professor Pom en die molekules



Ontmoet vir Professor Pom en sy vriende in die Likkedik Laboratorium!

Daar is Kleinjan die mensekind, Petunia die silwer potplant, die sokkies, Links en Regs, en die Dingetjie. En dan is daar natuurlik ou Bek, die grootprater wat alewig besig is om die eksperimente deurmekaar te krap…

Kyk "Professor Pom en die molekules" elke dag gratis op Lekkerbekkie.TV, of koop die DVD, nou beskikbaar @ R120.

Die pragtige poppe is spesiaal vir Lekkerbekkie.TV gemaak deur Guilma Stander, en bekende akteur, Albert Maritz, is die stem van Professor Pom. "Professor Pom en die molekules" is beslis 'n moet vir die lang Desember-vakansie!

Bestel jou DVD by www.AnnaEmm.co.za of 021 911 5618 of lekkerbekkie@annaemm.co.za, of maak 'n draai by ons winkel:
Solly Freeburg 5, Panorama, Kaapstad.

Stories op die DVD:

Episode 1:
Wat is fout met Professor Pom?
Episode 2:
Bek die grootprater
Episode 3:
Kleinjan maak 'n plan
Episode 4:
Petunia kry verkoue
Episode 5:
Links en Regs verdwaal
Episode 6:
Bek en die kompetisie
Episode 7:
Dingetjie raak weg

Van ons ander produkte beskikbaar by www.AnnaEmm.co.za:

Boeke en CDs @ R120 elk | CDs @ R80 elk

021 911 5619 | lekkerbekkie@annaemm.co.za | www.AnnaEmm.co.za

© Anna Emm Productions 2012

www ...

Gaan soek gerus hierdie oulike webwerwe op!

Oulike klassies vir kinders:

Soetlief
'n Program wat kinders leer om hul emosies te identifiseer, beheer en gepas daaraan uiting te gee.
Kontak: Cynthia
082 874 4885
Cynthia@soetlief.co.za
www.soetlief.co.za

Clamber Club
Clamber Club encourages the joy of movement, play and exercise in babies, toddlers and young children. Clamber Club is a place for you to have fun with your child!
Contact: Liz Senior
011 325 2031
headoffice@clamberclub.co.za
www.clamberclub.co.za

Kinderstories:

Red Hatter Store
Groot verskeidenheid Afrikaanse kinderstories in mp3 formaat om af te laai vanaf enige plek in die wêreld!
Kontak: Anna Emm Productions
021 9115618
mail@annaemm.co.za
www.redhatter.co.za

Bazoo Kleutertydskrif
'n Twee-maandelikse kleutertydskrif propvol stories
en aktiwiteite vir 4 tot 7 jariges.
Kontak: Renie Nel
074 193 0979
admin@bazoo.co.za
www.bazoo.co.za

Vermaak:

Ou Meulteater
Gesellige teatertjie in die hart van die Boland.
Tjiff en Tjaff kom kuier op Saterdag, 3 November.
Kontak: Vicky 083 564 0056
vicky@oumeulteater.co.za
www.oumeulteater.co.za

Sosiaal:

My Favourite Things
'n Website waar jy jou gunsteling in moederskap kan ontdek en deel, asook die organiseerder van geereelde baba- en kindermarkies in die Wes-Kaap.
Kontak: Helena 0833249053
helena@myfavouritethings.co.za
www.myfavouritethings.co.za

Webwerwe:

www.kleuters.co.za
'n Webtuiste propvol idees vir een van mamma en pappas se moeilikste vrae: Hoe hou ek my kleuter tuis besig?
Kontak: Yvette@kleuters.co.za

Anna Emm Productions
Meer as 800 Afrikaanse kinderstories op CD, DVD en in boekvorm! Besoek ons gerieflike aanlynwinkel vir jou Kersgeskenke.
Kontak: Lorraine
021 911 5618
lorraine@annaemm.co.za
www.annaemm.co.za

Kontak lekkerbekkie @annaemm.co.za om hier te adverteer.

Hoe kry ek my kind om meer water te drink?

Water is baie belangrik vir jou kind se gesondheid. Dit hidreer hom nie net nie, maar help om sy liggaamstemperatuur te reguleer, en keer dat hy hardlywig raak of blaasinfeksies ontwikkel. Dit help ook dat kinders nie oorgewig raak nie. Maar hoe gemaak as jou kind nie wil water drink nie? Hier is 'n paar oulike wenke:

* Sorg dat jy 'n waterbottel byderhand het vir wanneer jou kind dors raak. As hy nie die water wil drink nie, moedig hom aan om net "een slukkie" te vat. Meestal kom hy na een sluk agter hy is wel dors en dan drink hy meer. Dis ook 'n goeie idee om 'n "sippy cup" met water neer te sit waar jou kind dit kan sien en bykom sodat hy self kan drink wanneer hy dors is.

* Maak waterdrink pret deur vir jou kind water te laat drink uit 'n verskeidenheid interessante strooitjies – mens kry deesdae allerhande partytjie-strooitjies in verskillende vorms en kleure. Gooi vir hom ysblokkies in sy water wat hy kan roer en skep met 'n lepel terwyl hy drink. Onthou, ys is ook water!

* Gooi gekleurde koeldrank of gekleurde ysies by die water sodat dit lyk soos koeldrank. Dit sal ook die smaak van water aanlokliker maak. Begin dalk deur die water-koeldrank mengsel helfte-helfte aan te maak, en voeg dan mettertyd al hoe minder koeldrank by sodat jou kind gewoond kan raak aan die smaak van water.

* Laat jou kind sy eie "koeldrank" maak deur suurlemoen- of lemoenstukkies in 'n glas water te gooi saam met 'n klein bietjie suiker. So sal hy speel-speel heelwat water inkry sonder dat hy dit eens weet!

* Koop 'n interessante beker of "sippy cup" en maak dit die waterbekertjie. In plaas daarvan om dan vir jou kind te vra of hy wil water hê, vra "Wil jy prinseswater hê?" of "Wil jy Barniewater hê?" (afhangende van die tipe bekertjie). Dit help ook as jou kind self die beker uitgesoek het – hoe meer hy voel hy was deel van die besluit, hoe beter is die kanse dat hy die water sal drink!

* Kinders hou daarvan om goed self te doen, so laat hom toe om "self" vir hom water by die kraan te tap in sy beker. Of nog beter, kry 'n waterhouer met 'n kraantjie waaruit hy self kan gaan water tap wanneer hy dors is. Hulle is gewoonlik so trots op die "self" doen dat die water drink skoon 'n nagedagte is!

En onthou dat jou kinders jou voorbeeld volg. As jy graag water drink en 'n waterbottel met jou saamdra, sal jou kind dit ook graag doen om soos Mamma te wees.

Dis 'n goeie, gesonde kultuur om in jou huis te skep.

© Anna Emm Productions 2012

STORIEKLUB LIDMAATSKAP-VORM:

Kliek op die "fields" om jou inligting in te vul. Kliek dan "stuur" om die vorm aan ons te stuur.

Naam van Rekeninghouer: _____

Posadres vir pakkies: _____

Huis nr: _____ Sell: _____ Epos: _____

Ek wil aansluit by die STORIEKLUB vir 6 maande en kies die volgende pakket:

NB: Alle pryse sluit posgeld in vir 'n verwysingsnommer-pakkie, behalwe die eerste opsie (R79) wat met gewone pos gestuur word.

Pakket	Maandelikse fooi	Maandelikse pakkie sluit in
□ **STORIEKLUB BASIES**	**R79 per maand**	**1 x CD (4 stories) per maand** - waarde R80
□ **STORIEKLUB BASIES** *met "tracking nr*	**R99 per maand** Namibië = R105	**1 x CD (4 stories) per maand** - waarde R80
□ **STORIEKLUB BASIES -100**	**R119 per maand** Namibië = R125	**1 x CD (6 stories) per maand** – waarde R100
□ **STORIEKLUB BOEK&CD**	**R130 per maand** Namibië = R150	**1 x Afrikaanse Kinderstories boek + CD** (4 stories) - waarde R120
□ **STORIEKLUB DVD**	**R130 per maand** Namibië = R150	**1 x storie-DVD per maand** – waarde R120

NB: Indien jy graag spesifieke CDs of DVDs wil ontvang, noem hulle titels hier. Ander stuur ons vir jou ons eie seleksie uit ons katalogus. Produkte mag ongelukkig nie na ontvangs omgeruil word vir ander produkte nie. (Vir meer besonderhede oor ons produkte besoek www.AnnaEmm.co.za):

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Debiteer my rekening op die 1ste werksdag van elke maand oor 'n periode van 6 maande:

Bank: _____ Tak: _____ Takkode: _____ Rek.tipe: _____

Naamhouer van rekening: _____ Rekeningnommer: _____

This signed Authority and Mandate refers to our contract as dated as on signature hereof ("the Agreement"). I / We hereby authorise you to issue and deliver payment instructions to the bank for collection against my / our abovementioned account at my / our above mentioned bank (or any other bank or branch to which I / We may transfer my / our account) on condition that the sum of such payment instructions will never exceed my / our obligations as agreed to in the Agreement, and commencing on the commencement date and continuing until this Authority and Mandate is terminated by me / us by giving you notice in writing of no less than 20 ordinary working days, and sent by prepaid registered post or delivered to your address indicated above. The individual payment instructions so authorised to be issued must be issued and delivered as follows i. On the 1ste working day ("payment day") of each and every month commencing on the first date applicable following the date on this agreement. In the event that the payment day falls on a Saturday, Sunday or recognized South African public holiday, the payment day will automatically be the very next ordinary business day. Further, if there are insufficient funds in the nominated account to meet the obligation, you are entitled to track my account and re-present the instruction for payment as soon as sufficient funds are available in my account; ii. Monthly; on or after the dates when the obligation in terms of the Agreement is due and the amount of each individual payment instruction may not be more or less that the obligation due; I / We understand that the withdrawals hereby authorised will be processed through a computerized system provided by the South African Banks and I also understand that details of each withdrawal will be printed on my bank statement. Each transaction will contain a number, which must be included in the said payment instruction and if provided to you should enable you to identify the Agreement. A payment reference is added to this form before the issuing of any payment instruction. I / We shall not be entitled to any refund of amounts which you have withdrawn while this authority was in force, if such amounts were legally owing to you. I / We acknowledge that all payment instructions issued by you shall be treated by my/our above mentioned bank as if the instructions had been issued by me/us personally. I / We agree that although this Authority and Mandate may be cancelled by me / us, such cancellation will not cancel the Agreement. I / We shall not be entitled to any refund of amounts which you have withdrawn while this authority was in force, if such amounts were legally owing to you. I / We acknowledge that this Authority and Mandate has been ceded to Netcash (Pty) Ltd as per your agreement with Netcash (Pty) Ltd, but in the absence of such assignment of the Agreement, this Authority and Mandate will be null and void.

_____ _____

Handtekening Datum

stuur